

Wat van die Toekoms?

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B437a

Skriflesing uit Num.13:1 – 3 en 16 – 33; 14: 1 – 3

Kernvers: 30 – ‘Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.’

Daar is ‘n rykdom van inligting en vermaning in hierdie gelese Skrifte en graag wil ek ‘n paar uittreksels hieruit neem, ter bemoediging asook vermaning bv. Num.14:3, 31, maar ook uit Deut. 1:39. Die volk was benoud en het gevrees maar God het juis die kinders wat hulle so bekommerd oor was, die land laat inneem en bewoon.

Geliefdes, die Bybel is die mees praktiese boek wat ooit bestaan het en in hierdie tye van benoudheid en groot bedreiging is die Woord vir ons ‘n Lig op ons pad en ‘n Lamp vir ons voet.

Ons lewe in donker tye, tye van groot meningsverskille, soos in daardie tyd tussen die 12 verspieters ook was. Hulle was uitgesoekte manne, hoofde van hul stamme, owerstes, edelmanne – hulle was die beste wat Moses kon kry. Dit was manne van verstand en intellek wat die land moes gaan verken.

Toe hulle terugkom was hulle egter verdeeld want net Josua en Kaleb het geglo en kans gesien vir die reuse. Daar het toe hewige stryery en slegte gerugte onder die volk ontstaan soveel so dat die volk wanhopig geraak het en hulself oorgegee het aan ‘n geween die hele nag deur en gevrees vir hul vrouens en kinders (14:3).

Al die wonderwerke wat God gedoen het om hulle te bring tot waar hulle was op daardie tydstip tenspyt. Tien van die verspieters het die volk só negatief beïnvloed met hul slegte gerugte dat hulle wanhopig geword het.

Ons lewe vandag in so ‘n tyd waar daar slegte gerugte maar ook daadwerklike slegte dinge plaasvind wat ‘n mens kan laat beswyk van vrees: ons hoor dit oor die radio, sien dit op televisie, en lees dit in die koerante, maar baie beleef dit ook fisies. In gesprekke hoor ‘n mens hoe vreesagtig mense is.

Nou sê Rom.15:4 – ‘Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.’ En 1 Kor. 10:11 sê: ‘Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.’

Laat ons dus wees soos Josua en Kaleb in ‘n tyd soos hierdie

